Die Komitee het gedurende 2021/22 op die volgende wyse 'n bydrae gelewer tot die Nasionale Uitkomste van die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) 2019-2024:

MTSR-prioriteit	Bydrae van Komitee
Prioriteit 3: Onderwys, vaardighede en gesondheid	<p>Die beginsel van veeltaligheid in die Wes-Kaap bevorder deur vennootskappe gesmee.</p> <p>Sy werksverhouding met PanSAT en ander taalliggame en instellings verbeter.</p> <p>Die ontwikkeling en opheffing van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale en SAGT bevorder ten einde groter bewustheid te skep en kommunikasie in hierdie tale onder die inwoners van die Wes-Kaap aan te moedig.</p> <p>Die Minister en PanSAT geadviseer oor taalaangeleenthede wat die Wes-Kaap raak.</p> <p>Tersaaklike belanghebbendes geraadpleeg en op hoogte gebly van tersaaklike navorsing ten einde ingelig te bly oor taalaangeleenthede wat die provinsie raak.</p>
Prioriteit 6: Maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe	<p>Die WKTK het maatskaplike samehorigheid en veilige gemeenskappe bevorder deur veeltaligheid, gemarginaliseerde inheemse tale en SAGT deur sy programme te bevorder. In die proses is groter bewustheid geskep en die gebruik van die drie amptelike tale en SAGT onder die inwoners van die Wes-Kaap bevorder.</p>
Prioriteit 7: 'n Beter Afrika en wêreld	<p>Die Komitee het ter ondersteuning van streeks- en kontinentale integrasie geselekteerde nasionale en internasionale datums van belang gevier en bevorder ten einde 'n atmosfeer van maatskaplike insluiting te vestig.</p>

Die komitee se uitkomsaanswyser is gekoppel aan die dienste en programme van die DKES, wat weer gekoppel is aan die WKR se Provinsiale Strategiese Plan (PSP) Visiegeïnspireerde Prioriteite (VIP), veral met betrekking tot VIP 1: Veilige en Samehorige Gemeenskappe en VIP 3: Bemagtiging van Mense.

Die verklaring van 'n nasionale ramptoestand as gevolg van die Covid-19-pandemie het gelei tot 'n heraanpassingstrategie vir die intervensies, programme en projekte van die PSP. Die uitdagings wat die basis van die PSP vorm, het nie verander nie, maar die pandemie het die uitdagings waarmee die provinsie gekonfronteer word verskerp, en nuwe probleme het na vore getree. Terwyl die PSP 'n leidende raamwerk bly, fokus die WKR se herstelplan op werk, veiligheid en welstand. Veiligheid en welstand is veral van toepassing vir die werk van die Komitee. Alhoewel die PSP steeds 'n leidende raamwerk is, fokus die WKR herstelplan op werk, veiligheid en welstand. Veiligheid en welstand is veral van toepassing vir die werk van die Komitee.

Deur moedertaalbevordering en -bemagtiging het die Komitee bygedra tot geleenthede vir inwoners van die Wes-Kaap om hul lewens en die lewens van ander te vorm, om 'n sinvolle en waardige lewe te verseker, wat op sy beurt maatskaplik samehorige gemeenskappe sal skep.

3. PRESTASIE-INLICHTING VAN DIE INSTITUSIONELE PROGRAM

3.1 Program: Wes-Kaapse Taalkomitee

Die doel van die WKTK is om die gebruik van die drie amptelike tale van die Wes-Kaap te monitor; om die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid te monitor en om die Minister, belaaie met taalaangeleenthede, en die PanSAT te adviseer oor taalaangeleenthede in die provinsie of wat die provinsie raak.

Die Komitee het Internasionale Geletterdheidsdag op 8 September 2021 gevier in samewerking met die DKES, die Afrikaanse Taalraad, die Inheemse Taal Aksieforum, Iziko Museums van Suid-Afrika, die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika, PanSAT, die SupuSupu Khoi Taalprojek, die Swahili Taalraad en die Universiteit van Wes-Kaapland. Die geleentheid het aanlyn plaasgevind en het erkenning verleen aan die feit dat geletterdheid 'n mensereg en die grondslag vir ontwikkeling is. Die geleentheid het verskeie skrywers ten toon gestel en die belangrikheid van lees en leer oor letterkunde en taal beklemtoon.

Daarbenewens het die Komitee met bogenoemde vennote saamgewerk deur 'n aanlyn geleentheid aan te bied om Erfenisdag op 24 September 2021 te vier. Verskeie sprekers in die taal- en erfenissektor is genooi en het aanbiedings by die geleentheid gelewer. Verdere diskoers het gefokus op die belangrikheid van taal in nasiebou en erfenisbewaring. Benewens die bevordering van die amptelike tale van die provinsie, is daar veral gekonsentreer op SAGT en Khoekhoegowab.

In die tweede kwartaal het mnr Baartman twee Nama-ortografiewerkswinkels bygewoon wat deur die PanSAT in Kaapstad en George op onderskeidelik 24 en 25 Augustus 2021 aangebied is. Die doel van die sessies was om inheemse Khoi- en San-sprekers in te lig oor die vordering wat gemaak is ten opsigte van die Nama-taal en die ortografie om die korrektheid van die onderrig, lees en skryf van Nama te verseker.

In die tweede kwartaal het me Lesch 'n webinaar op 29 September 2021 bygewoon. Die geleentheid is deur die PanSAT aangebied ter viering van Internasionale Vertaaldag. Die tema van die geleentheid het gefokus op regsvertalings en het besprekings rondom die proses van vertaling van regstekste en die rol en pligte van die vertaler ingesluit.

Gedurende die derde kwartaal het die Komitee, in samewerking met die DKES en PanSAT, 'n diensverskaffer aangestel om:

- die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid by die verskillende Wes-Kaapse staatsdepartemente te evalueer;
- vas te stel watter uitdagings, indien enige, deur departemente met die implementering van die beleid ervaar word; en
- te bepaal watter maatreëls beplan word, indien enige, om die beleid ten volle te implementeer.

Die uitkoms en aanbevelings vervat in die finale verslag sal hersien word en daarna voorgelê en met ander provinsiale departemente gedeel word.

Minister Marais het gedurende die derde kwartaal die Universiteit Stellenbosch se Tweede Konseptaalbeleid na die Komitee vir kommentaar verwys. 'n Taakspan bestaande uit me Lentz, me Lesch, me Humphries-Heyns en mnr Baartman het aanbevelings gemaak, wat daarna via die vereiste aanlynportaal aan die Universiteit Stellenbosch voorgelê is.

Die Komitee het op 21 Februarie 2022 'n taalsimposium aangebied om Internasionale Moedertaaldag te vier in samewerking met die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie, Stad Kaapstad, DKES, Die Afrikaanse Taalraad, Aksieforum vir Inheemse Taal, Iziko Museums van Suid-Afrika, Konrad Adenhauer Stiftung, Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika en PanSAT. Die tema van die aanlyn geleentheid was "Viering van Taalkundige en Kulturele Diversiteit". Aanbiedings het gefokus op die bevordering van isiXhosa, SAGT, Kaaps en Khoekhoegowab. Mnr Baartman en me Humphries-Heyns wat sprekers by die geleentheid was, het onderskeidelik Khoekhoegowab en SAGT bevorder.

In die vierde kwartaal het mnr Malan op 26 Februarie 2022 'n isiXhosa-spelkompetisie (aangebied deur die PanSAT in samewerking met die Wes-Kaapse Onderwysdepartement) bygewoon. Dit was 'n eerste geleentheid wat in die toekoms Afrikaans, Khoi en Suid-Afrikaanse Gebaretaal gaan insluit..

3.2 Uitkomst, uitsette, uitsetaanwysers, teikens en werklike prestasie

Die Komitee het nie sy Jaarlikse Prestasieplan 2021/22 hervoorgetel nie.

Uitkoms	Uitset	Uitsetaanwyser	Werklike prestasie 2019/2020	Werklike prestasie 2020/2021	Werklike prestasie 2021/2022	Werklike prestasie 2021/2022	Afwyking van beplande teiken tot werklike prestasie vir 2021/2022	Kommentaar op afwykings
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Aantal opnames wat die implementering van die Taalbeleid monitor of vraelyste of bewusmakings veldtogte of opvolgprojekte voltooi	Aantal aktiwiteite wat die implementering van die Wes-Kaapse Taalbeleid monitor	1	2	1	2	+1	Die Komitee het sy teiken oortref deur twee projekte in plaas van een projek te fasiliteer. Samewerkingstrategieë met ander entiteite het die uitvoering van 'n bykomende projek wat beperkte hulpbronne vereis en binne die beperkings van die Covid-19-protokolle moontlik was moontlik gemaak.
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Projekte voltooi ter bevordering van inheemse tale	Aantal projekte wat inheemse tale bevorder	Hierdie is 'n nuwe aanwyser vanaf 2020/21	1	1	2	+1	Die Komitee het sy teiken oortref deur twee projekte in plaas van een projek te fasiliteer. Samewerkingstrategieë met ander entiteite het die uitvoering van 'n bykomende projek moontlik gemaak. Die projek het beperkte hulpbronne vereis en kon binne die beperkings van Covid-19-veiligheidsmaatreëls uitgevoer word.
Bemagtigde burgers en inklusiewe en samehorige gemeenskappe	Formele gesprekvoering om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer	Aantal formele gesprekvoeringe om die Wes-Kaapse Taalbeleid te implementeer	9	6	6	6	-	

Strategie om gebiede van onderprestasie te oorkom

Alle beplande teikens, soos weerspieël in die Jaarlikse Prestasieplan 2021/22, is bereik.

Koppeling van prestasie aan begrotings

Die WKTK het sy sleutelprestasiegebiede in ooreenstemming gebring met die begroting wat deur die DKES vir die verslagjaar oorgedra is.

Program	2021/22			2020/21		
	Begroting	Werklike besteding	(Oor)/ onder-besteding	Begroting	Werklike besteding	(Oor)/ onder-besteding
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Goedere en Dienste	294	184	110	179	164	15
Totaal	294	184	*110	179	164	15

* Die onderbesteding kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die projeksamewerking met die DKES en die vermindering van ledegeld en ouditkoste.

Verslagdoening oor die institusionele respons op die Covid-19-pandemie

Die Komitee het drie aanlyn en drie aangesig-tot-aangesig vergaderings gehou. Die Komitee was nie by enige intervensies betrokke nie.

4. INKOMSTEVERKRYGING

Bron van inkomste	2021/22			2020/21		
	Beraming	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/ onderin-vordering	Beraming	Werklike bedrag ingevorder	(Oor-)/ onderin-vordering
	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000	R`000
Ander bedryfsinkomste	0	0	0	0	0	0
Oordragbetaling	279	279	0	169	240	(71)
Rente-inkomste	15	12	3	10	9	1
Totaal	294	291	3	179	249	(70)

4.1. Kapitaalbelegging

Nie van toepassing nie

1. INLEIDING

Bestuur, risikobestuur en voldoening is die drie pillare wat saamwerk om te verseker dat die Entiteit aan sy doelstellings voldoen. Voldoening aan die Entiteit se beleid en prosedures, wette en regulasies wat lei tot 'n sterk en doeltreffende bestuur, word beskou as die sleutel tot die sukses van die Entiteit. Hierdie verslag bied 'n oorsig van die bestuurstruktuur wat in die Entiteit gevestig is.

2. PORTEFEULJEKOMITEES

Die Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport en die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge (SKOOR) hou toesig oor die werk van die Komitee. Die volgende verhore het in 2021/22 plaasgevind:

Staande Komitee oor Gemeenskapsveiligheid, Kultuursake en Sport	
Datum van verhoor	Saak wat oorweeg word
22 Junie 2021	Inligtingsessie aangebied deur die DKES oor die rolle en verantwoordelikhede van die Wes-Kaapse Kultuurkommissie (WKKK) en die WKTK.
8 November 2021	Oorweging van die Jaarverslae van die DKES, Erfenis Wes-Kaap (EWK), die WKTK en die WKKK vir die 2020/21-boekjaar.
7 Desember 2021	Beraadslaging oor Begrotingspos 13: Kultuursake en Sport in die bylae tot die Aanpassingsbegrotingswetsontwerp, 2021.
15 Maart 2022	Bespreking oor Wes-Kaapse Aanpassingsbegrotingswetsontwerp 2021 - Begrotingspos 13 Departement van Kultuursake en Sport.

Staande Komitee oor Openbare Rekeninge	
Datum van verhoor	Saak wat oorweeg word
1 Februarie 2022	Beraadslaging oor die 2020/21-jaarverslag van die DKES en sy Entiteite, WKTK, WKKK en EWK.

3. UITVOERENDE GESAG

Die Uitvoerende Gesag het sy toesighoudende verantwoordelikheid nagekom deur finansiële en niefinansiële inligting vir die oorsigtydperk te monitor. Die volgende verslae is vir moniteringsdoeleindes ingedien:

Kwartaallikse prestasieverslag	31 Julie 2021, 31 Oktober 2021, 31 Januarie 2022 en 30 April 2022
Tussentydse moniteringsverslag	31 Julie 2021, 31 Oktober 2021, 31 Januarie 2022 en 30 April 2022

4. DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE

4.1 Inleiding

Die WKTK is gestig ingevolge die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998.

4.2 Die rol van die Komitee

Die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet, 1998, bepaal dat die WKTK, onder andere, die volgende moet doen:

- monitor die gebruik van Afrikaans, Engels en isiXhosa deur die WKR;
- maak aanbevelings aan die Provinsiale Minister en die Provinsiale Parlement oor voorgestelde of bestaande wetgewing, praktyk en beleid wat regstreeks of nieregstreeks verband hou met taal in die Wes-Kaap;
- bevorder aktief die beginsel van veeltaligheid;
- bevorder aktief die ontwikkeling van voorheen gemarginaliseerde inheemse tale;
- adviseer die Provinsiale Minister en die WKKK oor taalsake in die provinsie; en
- adviseer PanSAT oor taalsake in die Wes-Kaap.

4.3 Komitee handves

Die WKTK het nie 'n formele handves nie, maar hy word gelei deur die Wes-Kaapse Provinsiale Talewet.

Samestelling van die Komitee vir die periode 1 April 2021 tot 31 Januarie 2022

Naam	Titel (ingevoelge die struktuur van die Raad vir Openbare Entiteite)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Kennisvelde	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne (bv. Oudit-komitee/ Ministeriële Taakspan)	Aantal vergaderings bygewoon (vyf vergaderings is vanaf 1 April 2021 tot 31 Januarie 2022 gehou)
Mnr Riaan Shane Baartman	Lid	1 Junie 2019	N.v.t.	Opleier van opleiers (verskillende ETDP-leerprogramme); Vaardigheidsfasiliteerder; ETDP-assessor; Moderator; en Ontwikkeling van leerprogramme	Khoekhoegowab	N.v.t.	N.v.t.	2
Me Annette Humphries - Heyns	Lid	1 November 2018	N.v.t.	Nasionale Instituut vir Dowes; Universiteit Stellenbosch; Algemene Taalkunde en SAGT Letterkunde NKR Vlak 8	Dowe-onderderrig assistent vir SAGT in die skoolklaskamer; Verskillende projekte vir Universiteit Stellenbosch en ondersteun ontwikkeling van SAGT-woordeskat/terminologie	N.v.t.	N.v.t.	4
Me Genevieve Suzann Lentz	Lid	1 Junie 2019	N.v.t.	BA Tale en Kommunikasie; BA Hons (Engels); Nagraadse Onderwysertifikaat B-Tech Openbare Betrekkings en MEEd Onderwys	Taalonderrig; Beplan, organiseer en implementeer toepaslike taalonderrigprogram in 'n leeromgewing	N.v.t.	N.v.t.	2
Me Laurian Teslyne Lesch	Lid	1 Junie 2019	N.v.t.	BA in Taal en Kultuur; BA(Hons) Afrikatale; en Meestersgraad in Afrikatale	Taalbeplanning en -beleid; Tweedetaalverwerwing; Redigering en leksikografie	N.v.t.	N.v.t.	4

Naam	Titel (ingevoelge die struktuur van die Raad vir Openbare Entiteite)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Kennisvelde	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne (bv. Oudit-komitee/ Ministeriële Taakspan)	Aantal vergaderings bygewoon (vyf vergaderings is vanaf 1 April 2021 tot 31 Januarie 2022 gehou)
Mnr Kwanda Regent Mkhize	Onder-voorsitter (soos op 14 November 2019)	1 November 2018	N.v.t.	B Administrasie	Parlementêre monitor en geslagsgelykheidseenheid	N.v.t.	N.v.t.	4
Mnr Lungelo Garlic Nokwaza	Lid	1 November 2018	N.v.t.	BA; Nagraadse Diploma in Hoër Onderwys; Gevorderde Diploma vir Opvoeders van Volwassenes; B Honneurs Administrasie; MA Filosofie; Nagraadse Diploma in Regte en Sosiale Veiligheid; en MA Kuns	Onderrig en Letterkunde; hersiening van isiXhosa en Engels en taalontwikkeling	N.v.t.	Wes-Kaapse Kultuur-kommissie	4
Mnr Nkosikhulule Nyembezi	Voorsitter (soos op 11 Maart 2019)	1 November 2018	N.v.t.	MA Openbare Administrasie	Wetgewing; Skeppende skryfkuns en Media-netwerking	N.v.t.	N.v.t.	4
Me Stevlyn Diane Vermeulen	Lid	1 November 2018	N.v.t.	BA in Taal en Kultuur; en Nagraadse kortkursus in metodologie vir redigering	Taalontwikkeling; en Redakteur	N.v.t.	N.v.t.	5

Samestelling van die huidige Komitee aangestel met inwerkingtreding vanaf 1 Februarie 2022

Naam	Titel (Ingevolge die struktuur van die Raad vir Openbare Entiteite)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Kennisvelde	Raad direkteur-skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne (bv. Oudit-komitee/Ministeriële Taakspan)	Aantal vergaderings bygewoon (Een vergadering is gedurende die periode 1 Februarie 2022 tot 31 Maart 2022 gehou)
Mnr Riaan Shane Baartman	Lid	1 Februarie 2022	N.v.t.	Opleier van opleiers (verskillende ETD-lerprogramme); Vaardighedsfasiliteerder; ETD-assessor; Moderator; en Ontwikkeling van leerprogramme	Khoekhoegowab	N.v.t.	N.v.t.	1
Dr Gregory Allen Grootboom	Onder-voorsitter (Soos op 10 Februarie 2022)	1 Februarie 2022	N.v.t.	BA (Geskiedenis, Engels en isiXhosa); BA Honneurs (Afrikatale); en MA in Afrikatale (met spesialisering in isiXhosa)	Taalopleier; Vertaling en proefleeswerk isiZulu, isiXhosa; en Kiswahili tegniese/regsdokumente	N.v.t.	N.v.t.	1
Mnr Zukile Jama	Lid	1 Februarie 2022	N.v.t.	BA (History, English and isiXhosa); BA Honours (African Languages); and MA in African Languages (with specialisation in isiXhosa)	Language trainer; Translation and proofreading isiZulu, isiXhosa; and Kiswahili technical/legal documents	N.v.t.	N.v.t.	1
Me Genevieve Suzann Lentz	Voorsitter (Soos op 10 Februarie 2022)	1 Februarie 2022	N.v.t.	BA Tale en Kommunikasie; BA Hons (Engels); Nagraadse Onderwysertifikaat B-Tech Openbare Betrekkinge en MEd Onderwys	Taalonderrig; Beplan, organiseer en implementeer toepaslike taalonderrigprogram in 'n leeromgewing	N.v.t.	N.v.t.	1

Naam	Titel (Ingevolge die struktuur van die Raad vir Openbare Entiteite)	Datum aangestel	Datum bedank	Kwalifikasies	Kennisvelde	Raad- direkteur- skappe (Lys die entiteite)	Ander komitees of taakspanne (bv. Oudit- komitee/ Ministeriële Taakspan)	Aantal vergaderings bygewoon (Een vergadering is gedurende die periode 1 Februarie 2022 tot 31 Maart 2022 gehou)
Me Laurian Teslyne Lesch	Lid	1 Februarie 2022	N.v.t.	BA in Taal en Kultuur; BA(Hons) Afrikatale; en Meestersgraad in Afrikatale	Taalbeplanning en -beleid; Tweedetaalverwerwing; Redigering en leksikografie	N.v.t.	N.v.t.	1
Mnr Micarlo Malan	Lid	1 Februarie 2022	N.v.t.	Praktiese kursus in arbeidsreg; Diploma in Kantooradministrasie	Bevordering van gemarginaliseerde tale	N.v.t.	N.v.t.	1
Mnr Kwanda Regent Mkhize (Soos op 14 November 2019)	Onder- voorsitter Voorsitter	1 Februarie 2022	N.v.t.	B Administrasie	Parlementêre monitor en geslagsgelykheidseenheid	N.v.t.	N.v.t.	1
Me Vanessa Reyneke	Lid	1 Februarie 2022	N.v.t.	Kursus in Projekbestuur; Taalliteratuur (Algemene Taalkunde) NKR 8	Onderrig in Suid-Afrikaanse Gebaretaal	N.v.t.	N.v.t.	0
Me Stevlyn Diane Vermeulen	Lid	1 Februarie 2022	N.v.t.	BA in Taal en Kultuur; en Nagraadse kortkursus in metodologie vir redigering	Taalontwikkeling; en Redakteur	N.v.t.	N.v.t.	1
Dr Esau Willemse	Lid	1 Februarie 2022	N/A	Diploma in Teologie; Honneurs Teologie; Meestersgraad in Teologie; Doktorsgraad in Filosofie	Engels en Afrikaans Skrywer	N.v.t.	N.v.t.	1

Vergoeding van Komiteelede

Die diensvoordepakkette van ampsdraers van sekere statutêre en ander instellings word omskryf deur die Minister van Finansies en beskryf in 'n Provinsiale Tesourie Omsendbrief. Die Voorsitter se tarief is R461,00 per uur en die tarief vir lede is R264,00 per uur.

Naam	Vergoeding R`000	Ander toelaag (R&V) R`000	Totaal R`000
Mnr Nyembezi (Voorsitter)	3	-	3
Mnr Mkhize	4	-	4
Mnr Nokwaza	2	-	2
Me Vermeulen	4	-	4
Me Humphries-Heyns	2	-	2
Me Lesch	3	-	3
Me Lentz	3	-	3
Mnr Baartman	3	2	5
Dr Willemse	1	4	5
Dr Grootboom	1	-	1
Mnr Jama	1	-	1
Mnr Malan	3	-	3
Me Reyneke	-	-	-
Totaal	30	6	36

5. RISIKOBESTUUR

Die WKTK neem deel aan die Ondernemingsrisikobestuur-en-Etiekkomitee (ORBekom) van die DKES om die Rekenpligtige Gesag te ondersteun met die uitvoering van sy verantwoordelikhede rakende risikobestuur.

Ondernemingsrisikobestuursbeleid en -strategie

Die Departement het 'n Ondernemingsrisikobestuursbeleid op 12 April 2021 vir die 2021/22-2024/25 boekjare goedgekeur. Hierdie beleid gee uitdrukking aan die risikobestuursfilosofie en vang, op 'n hoë vlak, die rolle en verantwoordelikhede van die verskillende rolspelers vas. Dit verskaf die basis vir die risikobestuursproses wat aangevul word met die besonderhede met betrekking tot die strategie.

Die Ondernemingsrisikobestuur (ORB)-strategie en implementeringsplan skets hoe die openbare entiteit te werk sal gaan om die ORB-beleid wat deur die Rekenpligtige Gesag goedgekeur is, te implementeer. Hierdie ORB-strategie word ingelig deur die Provinsiale Ondernemingsrisikobestuursbeleid en -strategie (PORBBS) sowel as sy eie ORB-beleid en risikoprofiel.

Verantwoordelikheid van die Ondernemingsrisikobestuur-en-etiekkomitee (ORBekom)

Die ORBekom bevestig dat hy voldoen het aan sy verantwoordelikhede wat voortspruit uit artikel 51 (1) (a)(i) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Tesourieregulasie 3.2.1 en Staatsdiensregulasies van 2016, Hoofstuk 2, Deel 1, 2 en 3. Die ORBekom bevestig ook dat dit die toepaslike terme van verwysing (goedgekeur deur die ORBekom-voorsitter op 29 Maart 2019) goedgekeur het en sy sake gereguleer het in ooreenstemming met hierdie terme van verwysing en al sy verantwoordelikhede soos daarin vervat, nagekom het.

ORBekom-Lede

Die Komitee bestaan uit die Rekenpligtige Beampte (RB) van die WKTK en verkose lede van die DKES se bestuurspan. Die voorsitter van die Komitee is die Rekenpligtige Beampte van die DKES. Die Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste verteenwoordig die entiteit op die ORBekom van die Departement. Die ORBekom het in ooreenstemming met sy Terme van Verwysing vier keer (kwartaallikse toesig en verslagdoening) gedurende die oorsigjaar vergader. Die meeste vergaderings is deur al die lede of sy/haar verteenwoordiger bygewoon.

Die onderstaande tabel verskaf tersaaklike inligting oor die ORBekom-lede:

Lid	Posisie	Vergaderings bygewoon	Datum aangestel
Mnr G Redman	Rekenpligtige Beampte (Voorsitter)	4	31/03/2017
Me B Rutgers	Direkteur: Finansiële Bestuur (HFB)	4	31/03/2017
Me C Sani	Direkteur: Biblioteekdiens	*2	31/03/2017
Mnr D Esau	Adjunkdirekteur: Interne Beheer (Risikobestuurder)	4	31/03/2017
Mnr D Flandorp	Adjunkdirekteur: Eenheid vir Korporatiewe Betrekkings (Etiekbeampte)	*3	31/03/2017
Me J Boule	Hoofdirekteur: Naskoolse Program	4	31/03/2017
Me J Moleleki	Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste	4	31/03/2017
Mnr M Janse van Rensburg	Direkteur: Museums, Erfenis en Geografiese Naamdienste (ook HUB: EWK)	*3	1/07/2021
Dr L Bouah	Hoofdirekteur: Sport en Ontspanning	*3	31/03/2019
Me N Dingayo	Direkteur: Provinsiale Argiefdiens	4	12/03/2019
Mnr S Julie	Direkteur: Strategiese en Bedryfsbestuursteun	4	31/03/2017
Mnr T Tutu	Direkteur: Sportbevordering	*2	31/03/2017
Mnr P Hendricks	Direkteur: Sportontwikkeling	4	31/03/2017

**Daar was altyd verteenwoordiging van die eenheid in gevalle waar lede nie die vergadering kon bywoon nie.*

Die volgende is 'n aanduiding van ander amptenare wat die ORBekom-vergaderings gedurende die oorsigjaar bygewoon het:

Ander bywoners	Posisie	Vergaderings bygewoon
Me A Haq	Direkteur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4
Mnr D Micketts	Hoofrisiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	4
Me N Mabude	Risiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	3
Me C Cochrane	Hoofrisiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	2
Me J Reed	Risiko-adviseur: Ondernemingsrisikobestuur (DvdP)	1
Mnr I Bull	Adjunkdirekteur: Interne Oudit	4
Mnr P Swartbooi	Direkteur: Interne Oudit	3
Me M Natesan	Adjunkdirekteur: Provinsiale Forensiese Dienste (DvdP)	4

ORBekom se hoofaktiwiteite

Die Rekenpligtige Beampte van die Departement is die voorsitter van die ORBekom en die Adjunktdirekteur: Interne Beheer is die Risikobestuurder van die Departement. Die ORBekom het ter uitvoering van sy mandaat die volgende sleutelaktiwiteite gedurende die jaar uitgevoer:

- die Departement se Ondernemingsrisikobestuurstrategie en Implementeringsplan nagegaan vir aanbeveling deur die Ouditkomitee en goedkeuring deur die Rekenpligtige Beampte en Rekenpligtige Gesag;
- risiko's in vasgestelde gegroepeerde kategorieë van aptyvlakke gemonitor en hersien, toepaslike risiko-aptiyt en -toleransies wat deur Provinsiale Topbestuur goedgekeur is volgens die PORBBS hersien en toegepas;
- enige wesentliche veranderinge aan die risikoprofiel aan die Rekenpligtige Beampte gerapporteer;
- die burgergesentreerde strategiese risiko's bevestig. Hierdie is 'n bewys van die Departement se pogings om die bydraende faktore en impak wat direk op die burger betrekking het te takel;
- risiko-inligting en tendensverslae ontvang en ontleed;
- opkomende risiko's geïdentifiseer;
- risiko's wat buite die toleransievlakke val, hersien vir opvolgoptrede/aandag;
- die implementering van die Bedrog- en korrupsievoorkomingsimplementeringsplan gemonitor;
- die implementering van die ORB-beleid, -strategie en -implementeringsplan gemonitor;
- die doeltreffendheid en versagtende strategieë geëvalueer om die wesentliche etiese en ekonomiese misdaad-risiko's te takel; en
- toesig gehou oor etiekbestuur in die Departement.

Sleutelrisiko's oorweeg en getakel gedurende die jaar

Die risiko "Aanstelling van 'n Rekenpligtige Gesag en 'n ten volle verteenwoordigende WKTK" is 'n risiko wat deurlopend ontleed word aangesien lede 'n voorafbepaalde termyn dien en ook die Komitee tydens die ampstermyn kan verlaat. Minimum aanbevelings is dus vir Komiteeledede ontwikkel wat in die werwingsproses gebruik word. Verder woon die lede die inlywingsessie by as deel van die oriënteringsprogram.

Bestuur van risiko's

Risiko-evaluerings word uitgevoer om die doeltreffendheid van die Departement se risikobestuurstrategie te bepaal en om nuwe en opkomende risiko's te identifiseer as gevolg van veranderinge in die interne en/of eksterne omgewing. Elke risiko is gedurende die jaar ontleed en gedebatteer en by die kwartaallike ORBekom-vergaderings voorgelê. Daar is van senior bestuurders vereis om terugvoering te gee oor vordering ten opsigte van die implementering van aksieplanne om die waarskynlikheid dat risiko's realiseer en/of die impak te verminder indien dit sou realiseer. ORBekom het ook risiko's na die Entiteit terugverwys wat meer omvattend ontleed moet word en bykomende versagtings of aksies aanbeveel om risiko's te bestuur. Bestuur neem eienaarskap van risiko's en bespreek dikwels risiko-aangeleenthede op verskeie platforms as deel van sy gebruik om risiko's op 'n samewerkende en innoverende manier te beperk. Die ORB-beleid en -strategie word op 'n jaarlikse basis aan alle amptenare gesirkuleer sodat alle vlakke van personeel op hoogte bly van verbeterings wat aangebring is en as 'n manier om risikobestuur in te sluit. Situasiespesifieke en generiese risiko-bewusmakingsessies is ook gehou om elemente wat die norm bepaal te deel om risikobestuur volwassenheid te bevorder. Aktiwiteite wat in die implementeringsplan uiteengesit word, word deurlopend gemonitor en gereelde terugvoering word verskaf. Dit geskied op dieselfde manier as wat die Jaarlikse Prestasieplan uitsette gemonitor word, om potensiële risiko's en afwykings van aanwysers en die bereiking van uitkomste en nie-voldoening aan wetgewende en beleidsmandate te identifiseer.

Die Maatskaplike Kluster-ouditkomitee het onafhanklike toesig verskaf oor die entiteit se stelsel van risikobestuur. Die Ouditkomitee is van kwartaallike Ondernemingsrisikobestuur vorderingsverslae en risikoregisters voorsien om hul onafhanklike toesighoudende rol te vervul.

Sleutel- opkomende risiko's vir die volgende boekjaar

Die Entiteit is deeglik bewus van die ekonomiese realiteit en krimpende begroting aan die een kant en die behoeftes van die samelewing aan die ander kant. Hierdie potensiële risiko's word met arendsoë dopgehou en word gemonitor, bespreek en bestuur.

Slotsom

Daar is beduidende vordering gemaak met die bestuur van risiko's gedurende die 2021/22-boekjaar. Goeie vordering is gemaak met die ontwikkeling van 'n kultuur van risikobestuur en die verhoging van die risiko-volwassenheidsvlak binne die WKTK, wat bydra het tot die gunstige prestasie van die openbare entiteit. Die verbetering kan toegeskryf word aan risikobewustheids- en opleidingsprogramme wat tydens die Covid-19-pandemie aan amptenare van die openbare entiteit via die MS Teams-medium/videokonferensie-sagtewareplatform aangebied is. Die openbare entiteit het daarin geslaag om bestendigheid te handhaaf ten opsigte van die toepassing van risikobestuurprosesse gedurende die uitdagende Covid-19-pandemie.

Die verhoogderisiko-volwassenheid binne die openbare entiteit het gelei tot verbeterde risikoresponsstrategieë vir die geïdentifiseerde risiko's.

6. INTERNE BEHEER-EENHEID

Dit is die verantwoordelikheid van die Rekenpligtige Gesag om interne beheermaatreëls deurlopend te evalueer om te verseker dat beheermaatreëls wat bestaan, doeltreffend, effektief en deursigtig is en dat dit verbeter word indien nodig. Om dit te bereik, word daar kwartaalliks verbeteringsplanne vir finansiële bestuur ontwikkel en sleutelbeheervergaderings met die Ouditeur-Generaal, programbestuurders van die openbare entiteit en die Minister gehou. Dit is 'n deurlopende proses om te verseker dat die Komitee sy skoon oudituitkomstebehou.

Die openbare entiteit het 'n interne beheerstrategie en -plan ontwerp (risiko dienooreenkomstig aangepas in die lig van die Covid-19-pandemie) wat 'n hoëvlakplan vir die implementering van interne beheer binne sy kernfunksies uiteensit.

7. INTERNE OUDIT EN OUDITKOMITEES

Interne Oudit bied aan bestuur onafhanklike, objektiewe versekering- en konsultasiedienste wat ontwerp is om waarde toe te voeg en om die werksaamhede van die openbare entiteit voortdurend te verbeter. Dit moet die entiteit help om sy doelwitte te bereik deur 'n stelselmatige, gedissiplineerde benadering te volg om die doeltreffendheid van Bestuur, Risikobestuur en Beheerprosesse te evalueer en te verbeter.

Die volgende sleutelaktiwiteite word in hierdie verband uitgevoer:

- Evalueer en maak toepaslike aanbevelings vir die verbetering van die bestuurprosesse om die openbare entiteit se doelstellings te bereik.
- Evalueer die toereikendheid en effektiwiteit en lewer 'n bydrae tot die verbetering van die risikobestuurprosesse.
- Help die Rekenpligtige Gesag om doeltreffende en effektiewe beheermaatreëls te handhaaf deur die kontroles te evalueer om die effektiwiteit en doeltreffendheid daarvan te bepaal en aanbevelings te ontwikkel vir verbetering.

Die interne ouditwerk wat gedurende die oorsigjaar vir die openbare entiteit voltooi is, het vier versekeringsvergaderings, twee konsultasievergaderings en vier opvolg-oudits ingesluit.

Besonderhede van hierdie vergaderings is in die verslag van die Ouditkomitee vervat.

Die Ouditkomitee is gestig as 'n toesighoudende liggaam wat onafhanklike toesig oor bestuur, risikobestuur en kontroleprosesse in die openbare entiteit bied, wat toesig en hersiening van die volgende insluit:

- Interne Ouditfunksie;
- Eksterne Ouditfunksie (Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika OGSA);
- Boekhouding en verslagdoening van die Departement;
- Rekeningkundige beleide van die Departement;
- OGSA-bestuurs- en ouditverslag;
- Tussentydse monitering van die Departement;
- Risikobestuur van die Departement;
- Interne Beheer;
- Voorafbepaalde doelstellings;
- Etiek, bedrog en korrupsie.

Die onderstaande tabel verskaf tersaaklike inligting oor die lede van die Ouditkomitee:

Naam	Kwalifikasies	Intern of ekstern	Indien intern, posisie in die Departement	Datum aangestel	Datum bedank	Aantal vergaderings bygewoon
Mnr Ameen Amod (Voorsitter)	MBA; CIA; CGAP; CRMA; BCom Rekeningkunde	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2019 (2 ^{de} termyn)	Kontrak verstryk 31 Desember 2021	5
Mnr Pieter Strauss (Voorsitter)	BCom Rekeningkunde; BCompt Honneurs; CA (SA)	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (2 ^{de} termyn)	N.v.t.	7
Mnr Ebrahim Abrahams	BCom Rekeningkunde Honneurs	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (2 ^{de} termyn)	N.v.t.	6
Me Annelise Cilliers	BCompt Honneurs; CA (SA)	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (2 ^{de} termyn)	N.v.t.	7
Me Fayruz Mohamed	BCompt Honneurs; CA (SA)	Ekstern	N.v.t.	1 Januarie 2022 (1 ^{ste} termyn)	N.v.t.	2

8. VOLDOENING AAN WETTE EN REGULASIES

Die entiteit het stelsels, beleide en prosesse in plek om te verseker dat daar aan wette en regulasies voldoen word. Indien daar ná 'n ondersoek bedrog, diefstal of korrupsie bevestig word, word die werknemer wat aan sulke dade deelgeneem het, aan 'n tugverhoor onderwerp. Die WKR-vertegenwoordiger wat die tugstappe inisieer, moet die ontslag van die betrokke werknemer aanbeveel. Waar prima facie bewyse van kriminele gedrag opgespoor word, word 'n strafsak by die Suid-Afrikaanse Polisie aangemeld.

9. BEDROG EN KORRUPSIE

Die tersaaklike inligting hieroor is vervat in die Departementele Jaarverslag.

10. VERMINDERING VAN BELANGEBOTSING

Om te verseker dat Komiteeledede geen botsing van belange het nie, onderteken alle lede 'n verklaring van belange-vorm voor elke vergadering. Indien daar 'n botsing van belange by 'n lid sou ontstaan, moet hy of sy aan die proses onttrek.

11. GEDRAGSKODE

Lede kry 'n gedragkode as gids vir voorbeeldige gedrag. Die beleid wat deur die DKES geïmplementeer word, sluit die WKTK in.

12. GESONDHEIDS-, VEILIGHEIDS- EN OMGEWINGSKWESSIES

Die DKES voorsien kantoorryimte aan die WKTK. Die beleid wat deur die DKES geïmplementeer word, is dus op die Komitee van toepassing.

13. MAATSKAPPY-/RAADSEKRETARIS (INDIEN VAN TOEPASSING)

Nie van toepassing nie

14. MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID

Nie van toepassing nie

15. OUDITKOMITEEVERSLAG

Ons lê graag ons verslag vir die boekjaar geëindig 31 Maart 2022 voor.

Verantwoordelikheid van die Ouditkomitee

Die Ouditkomitee rapporteer dat hy sy verantwoordelikhede nagekom het wat voortspruit uit Artikel 38 (1) (a) (ii) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en Tesourieregulasie 27.1. Die Ouditkomitee rapporteer ook dat hy 'n formele opdrag (terme van verwysing) as sy Ouditkomitee Handves goedgekeur het, sy sake gereguleer het in ooreenstemming met hierdie handves en dat hy al sy verantwoordelikhede, soos daarin vervat, nagekom het.

Die doeltreffendheid van Interne Beheer

Daar word van die Rekenpligtige Gesag verwag om interne beheerstelsels te ontwikkel en in stand te hou wat die waarskynlikheid sal verbeter om sy doelwitte te bereik, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin hy werk, en om doeltreffendheid en effektiewe uitvoering van bedrywighede te fasiliteer en betroubare verslagdoening en voldoening aan wette en regulasies te bevorder. Daar word van die Entiteit verwag om interne beheerstelsels te ontwikkel en in stand te hou wat die waarskynlikheid sal verbeter om sy doelwitte te bereik, om aan te pas by veranderinge in die omgewing waarin hy werk, en om doeltreffendheid en effektiewe uitvoering van bedrywighede te fasiliteer en betroubare verslagdoening en voldoening aan wette en regulasies te bevorder.

'n Risikogebaseerde gekombineerde versekeringsplan is ontwikkel vir die Departement, gefasiliteer deur Interne Oudit, wat ook 'n onafhanklike verskaffer is. Interne Oudit bied die Ouditkomitee en -bestuur redelike versekering dat die interne beheermaatreëls voldoende en effektief is. Dit word bereik deur 'n goedgekeurde risikogebaseerde interne ouditplan, met Interne Oudit wat die toereikendheid van beheermaatreëls wat die risiko's verminder, beoordeel en die Ouditkomitee wat die implementering van regstellende aksies monitor.

Die volgende interne ouditverbintenisse is deur die Ouditkomitee goedgekeur en gedurende die oorsigjaar deur Interne Oudit voltooi:

- Erfenishulpbronbestuur
- Museumdienste
- Ondernemingsinhoudsbestuur
- Sporttoerusting
- WKR Korporatiewe Bestuursraamwerk Basislyn Assessering – Konsultasievergadering (WKR Transversale IA-plan)
- Breëband Realiseringsprojek Fase 2 – Konsultasievergadering (WKR Transversale IA-plan)

Die bestuur het ooreengekom op die terreine vir verbetering, soos geïdentifiseer deur Interne Oudit tydens die uitvoering van hul werk. Die Ouditkomitee monitor kwartaalliks die implementering van die ooreengekome aksies.

Jaarbestuur en Maandelikse/Kwartaallikse Verslag

Die Ouditkomitee is tevrede met die inhoud en gehalte van die kwartaallikse tussentydse bestuurs- en prestasieverslae wat gedurende die verslagjaar deur die Rekenpligtige Beampte van die Entiteit uitgereik is ingevolge die Nasionale Tesourieregulasies en die Wet op die Verdeling van Inkomste.

Evaluering van Finansiële State

Die Ouditkomitee het:

- die Geouditeerde Finansiële Jaarstate wat in die Jaarverslag ingesluit moet word, hersien en bespreek;
- die OGSA se Bestuursverslag en bestuur se reaksie daarop ontleed;
- veranderinge aan rekeningkundige beleid en praktyke soos gerapporteer in die Finansiële Jaarstate hersien; en
- wesenlike aanpassings wat voortspruit uit die oudit van die Entiteit hersien.

Voldoening

Die Ouditkomitee het die Entiteit se prosesse vir voldoening aan wetlike en regulatoriese bepalings hersien.

Prestasie-inligting

Die Ouditkomitee het die inligting oor voorafbepaalde doelwitte soos gerapporteer in die Jaarverslag hersien.

Verslag van die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika

Die Ouditkomitee het op 'n kwartaallikse basis die Entiteit se implementeringsplan hersien vir ouditkwessies wat in die vorige jaar geopper is. Ons het met die OGSA vergader om te verseker dat daar geen onopgeloste kwessies is wat uit die regulatoriese oudit voortgespruit het nie. Regstellende aksies met betrekking tot gedetailleerde bevindinge wat deur die OGSA geopper is, word op 'n kwartaallikse basis deur die Ouditkomitee gemonitor.

Die Ouditkomitee stem saam met en aanvaar die OGSA se mening oor die Finansiële Jaarstate en stel voor dat hierdie Geouditeerde State goedgekeur en saam met hul verslag gelees word.

Mnr Pieter Strauss

Voorsitter van die Ouditkomitee vir die Maatskaplike Kluster

Datum: 19 Augustus 2022

16. VOLDOENING AAN BBSEB-VEREISTES PRESTASIE-INLIGTING

Die volgende tabel is voltooi in ooreenstemming met die BBSEB-vereistes van die Wet op Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2013 en soos bepaal deur die Departement van Handel en Nywerheid.

Het die Departement / Openbare Entiteit enige tersaaklike Goeie Praktyk-kode (BBSEB-sertifikaat Vlak 1 – 8) toegepas ten opsigte van die volgende:		
Kriteria	Antwoord Ja / Nee	Bespreking (sluit 'n bespreking van jou antwoord in en dui aan watter maatreëls geïmplementeer is om voldoening te verseker)
Bepaling van kwalifiserende kriteria vir die uitreiking van lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet?	No	Die Entiteit reik nie enige lisensies, konsessies of ander magtigings ten opsigte van ekonomiese aktiwiteit ingevolge enige wet uit nie.
Ontwikkeling en implementering van 'n beleid vir voorkeurverkryging?	Yes	Die Voorsieningskettingbestuur (VKB)-beleid van die Entiteit maak voorsiening vir die implementering van voorkeurverkryging.
Bepaling van kwalifikasiekriteria vir die verkoop van staatsbeheerde ondernemings?	No	Die Entiteit is nie betrokke by die verkoop van staatsbeheerde ondernemings nie.
Ontwikkeling van kriteria vir die aangaan van vennootskappe met die privaat sektor?	No	Die Entiteit neem nie aan vennootskappe met die privaat sektor deel nie.
Bepaling van kriteria vir die toekenning van aansporingsbonusse, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging?	No	Die Entiteit is nie betrokke by die toekenning van aansporingsbonusse, toelaes en beleggingskemas ter ondersteuning van Breëbasis Swart Ekonomiese Bemagtiging nie.

DEEL D: MENSLIKEHULPBRONBESTUUR

1. OORSIGSTATISTIEK OOR MENSEBESTUUR

Inleiding

Personeel is werksaam by die DKES.

Oorsigstatistiek oor mensebestuur

Hierdie statistiek word in die Jaarverslag van die DKES gerapporteer.

VERSLAG VAN DIE OUDITEUR-GENERAAL AAN DIE WES-KAAPSE PROVINSIALE PARLEMENT OOR DIE WES-KAAPSE TAALKOMITEE

Verslag oor die oudit van die finansiële state

Opinie

1. Ek het die finansiële state van die Wes-Kaapse Taalkomitee, soos uiteengesit op bladsy 40 tot 59, geoudit, wat die staat van finansiële posisie op 31 Maart 2022 bevat, die staat van finansiële prestasie, die staat van veranderinge in die netto bates, die kontantvloeistaat en verklaring van vergelyking van begrotingsinligting met werklike inligting vir die jaar geëindig 31 Maart 2022, sowel as die aantekeninge by die finansiële state, insluitend 'n opsomming van belangrike rekeningkundige beleid.
2. Na my mening bied die finansiële state in alle wesenlike opsigte 'n redelike weergawe van die finansiële posisie van die Wes-Kaapse Taalkomitee op 31 Maart 2022, en die finansiële prestasie en kontantvloeï vir die jaar geëindig 31 Maart 2022 in ooreenstemming met Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (Standaarde van AERP) en die vereistes van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999, Wet No. 1 van 1999 (WOFB).

Basis vir opinie

3. Ek het my oudit uitgevoer volgens die Internasionale Standaarde vir Ouditering (ISA). My verantwoordelikhede onder hierdie standaard word verder beskryf in die Ouditeur-Generaal se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state-afdeling van my verslag.
4. Ek is onafhanklik van die openbare entiteit in ooreenstemming met die Internasionale Etiese Standaarde Raad vir rekenmeesters se Internasionale Etiese Kode vir Professionele Rekenmeesters (insluitend Internasionale Onafhanklikheidsstandaarde) (IESBA-kode) sowel as ander etiese vereistes wat van toepassing is op my oudit in Suid-Afrika. Ek het my ander etiese verantwoordelikhede nagekom volgens hierdie vereistes en die IESBA-kode.
5. Ek is van mening dat die ouditbewyse wat ek verkry het voldoende en toepaslik is om 'n basis vir my mening te bied.

Verantwoordelikhede van die Rekenpligtige Gesag vir die finansiële state

6. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die opstel en billike aanbieding van die finansiële state in ooreenstemming met die Standaarde van AERP en die vereistes van die WOFB en vir die interne beheer wat die Rekenpligtige Gesag bepaal nodig is om die opstel van finansiële state wat geen wesenlike wanvoorstelling (hetsy weens bedrog of foute) bevat moontlik te maak.
7. By die opstel van die finansiële state is die Rekenpligtige Gesag verantwoordelik vir die beoordeling van die vermoë van die openbare entiteit om voort te gaan as 'n lopende saak, en indien van toepassing, aangeleenthede rakende die lopende saak te openbaar en die lopende saak-basis van rekeningkunde te gebruik, tensy die toepaslike bestuurstruktuur óf beoog om die openbare entiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur-Generaal se verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state

8. My doelwitte is om redelike versekering te verkry of die finansiële state as geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat my mening insluit. Redelike versekering is 'n hoë vlak van versekering, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat volgens die ISA uitgevoer word, altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor nie indien dit wel bestaan. Wanvoorstellings kan spruit uit bedrog of foute en word as wesenlik beskou indien dit redelikerwys verwag kan word om individueel of saamgevat die ekonomiese besluite van gebruikers wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, te beïnvloed.
9. 'n Verdere beskrywing van my verantwoordelikhede vir die oudit van die finansiële state is vervat in die bylae tot hierdie ouditeursverslag.

Verslag oor die oudit van die jaarlikse prestasieverslag

Inleiding en omvang

10. Ingevolge die Wet op Openbare Oudit, Wet No. 25 van 2004 (WOO) en die algemene kennisgewing wat ingevolge hierdie Wet uitgereik is, is ek verantwoordelik om verslag te doen oor die nut en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting teenoor voorafbepaalde doelwitte vir die geselekteerde program aangebied in die jaarlikse prestasieverslag. Ek het prosedures uitgevoer om wesenlike bevindings te identifiseer, maar nie om bewyse in te samel om my versekering te gee nie.
11. My prosedures handel oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting, wat gebaseer moet wees op die goedgekeurde prestasiebeplanningsdokumente van die openbare entiteit. Ek het nie die volledigheid en toepaslikheid van die prestasie-aanwysers in die beplanningsdokumente beoordeel nie. My prosedures het nie ondersoek of die stappe wat deur die openbare entiteit onderneem is, dienslewering moontlik gemaak het nie. My prosedures strek ook nie tot openbaarmaking of aannames met betrekking tot beplande prestasie-strategieë en inligting rakende toekomstige periodes wat as deel van die gerapporteerde prestasie-inligting ingesluit kan word nie. Gevolglik strek my bevindings nie tot hierdie aangeleenthede nie.
12. Ek het die nut en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting geëvalueer aan hand van die kriteria wat ontwikkel is uit die prestasiebestuur- en verslagdoeningsraamwerk, soos omskryf in die algemene kennisgewing, vir die volgende geselekteerde program wat in die jaarlikse prestasieverslag van die openbare entiteit aangebied word vir die jaar geëindig 31 Maart 2022:

Program	Bladsye in die jaarlikse prestasieverslag
Wes-Kaapse Taalkomitee	16

13. Ek het prosedures uitgevoer om vas te stel of die gerapporteerde prestasie-inligting behoorlik aangebied is en of die prestasie ooreenstem met die goedgekeurde dokumente vir prestasiebeplanning. Ek het verdere prosedures uitgevoer om vas te stel of die aanwysers en verwante teikens meetbaar en tersaaklik was, en die betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting beoordeel om vas te stel of dit geldig, akkuraat en volledig was.
14. Ek het geen wesenlike bevindings oor die bruikbaarheid en betroubaarheid van die gerapporteerde prestasie-inligting vir hierdie program geopper nie:
 - Wes-Kaapse Taalkomitee.

Ander saak

15. Ek vestig die aandag op die onderstaande saak.

Bereiking van beplande doelwitte

16. Verwys na die jaarlikse prestasieverslag op bladsy 21 en 22 vir inligting oor die bereiking van die beplande doelwitte vir die jaar en verduidelikings deur die bestuur verskaf vir die oorprestasie van die getal doelwitte.

Verslag oor die oudit van die voldoening aan wetgewing

Inleiding en omvang

17. Ingevolge die WOO en die algemene kennisgewing wat ingevolge daarvan uitgereik is, is ek verantwoordelik om wesenlike bevindings oor die voldoening van die openbare entiteit aan spesifieke aangeleenthede in sleutelwetgewing te rapporteer. Ek het prosedures uitgevoer om bevindings te identifiseer, maar nie om bewyse in te samel om my versekering te gee nie.

18. Ek het geen wesenlike bevindings geïdentifiseer oor die voldoening aan die spesifieke aangeleenthede in sleutelwetgewing soos uiteengesit in die algemene kennisgewing wat ingevolge die WOO uitgereik is nie.

Ander inligting

19. Die Rekenpligtige Gesag is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bevat die inligting wat in die Jaarverslag opgeneem is. Die ander inligting sluit nie die finansiële state, die ouditeursverslag en die geselekteerde program wat in die jaarlikse prestasieverslag voorgelê en spesifiek in hierdie ouditeursverslag oor gerapporteer is in nie.
20. My mening oor die finansiële state en bevindings oor die gerapporteerde prestasie-inligting en die voldoening aan wetgewing dek nie die ander inligting nie en ek spreek nie 'n ouditmening of enige vorm van versekering daarvoor uit nie.
21. In verband met my oudit is dit my verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en om sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik strydig is met die finansiële state en die geselekteerde program wat in die jaarlikse prestasieverslag aangebied word, of my kennis opgedoen in die oudit, en of dit andersins wesenlik verkeerd lyk.
22. Ek het nie die ander inligting voor die datum van hierdie ouditeursverslag ontvang nie. Wanneer ek wel hierdie inligting ontvang en lees en indien ek tot die gevolgtrekking kom dat dit 'n wesenlike wanvoorstelling bevat, word daar van my verwag om die aangeleentheid te kommunikeer aan diegene wat belas is met bestuur en te versoek dat die ander inligting gekorrigeer word. Indien die ander inligting nie gekorrigeer word nie, sal ek moontlik die ouditeursverslag moet terugtrek en 'n gewysigde verslag, soos toepaslik, moet heruitreik. Indien dit gekorrigeer word, sal dit egter nie nodig wees nie.

Tekorte aan interne beheer

23. Ek het interne beheer relevant geag vir my oudit van die finansiële state, gerapporteerde prestasie-inligting en die voldoening aan toepaslike wetgewing; my doel was egter nie om enige vorm van versekering daarvoor uit te spreek nie. Ek het geen noemenswaardige tekortkominge in interne beheer geïdentifiseer nie.

Kaapstad
31 Julie 2022



A U D I T O R - G E N E R A L
S O U T H A F R I C A

Auditing to build public confidence

BYLAE – OUDITEUR-GENERAAL SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE OUDIT

1. As deel van 'n audit in ooreenstemming met die ISA, oefen ek professionele oordeel uit en handhaaf ek professionele skeptisisme gedurende my audit van die finansiële state en die prosedures wat uitgevoer word vir gerapporteerde prestasie-inligting vir die geselekteerde program en oor die voldoening aan die openbare entiteit met betrekking tot die gekose sake.

Finansiële state

2. Benewens my verantwoordelikheid vir die audit van die finansiële state soos beskryf in hierdie auditverslag, het ek ook:
 - die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state geïdentifiseer en beoordeel, hetsy weens bedrog of foute; auditprosedures ontwerp en uitgevoer wat reageer op daardie risiko's en auditbewyse verkry wat voldoende en toepaslik is om 'n basis vir my mening te bied.
 - 'n begrip verkry van interne beheer wat relevant is vir die audit ten einde auditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening te gee oor die doeltreffendheid van die openbare entiteit se interne beheer nie.
 - die toepaslikheid van die rekeningkundige beleid wat toegepas is en die redelikheid van rekeningkundige beramings en verwante openbaarmaking deur die Rekenpligtige Gesag geëvalueer.
 - 'n gevolgtrekking gemaak oor die toepaslikheid van die Rekenpligtige Gesag se gebruik van die lopende saak-basis van rekeningkunde by die opstel van die finansiële state. Ek kom ook tot die gevolgtrekking, gebaseer op die verkrygte auditbewyse, of daar wesenlike onsekerheid bestaan rakende gebeure of toestande wat die vermoë van die Wes-Kaapse Taalkomitee om toekomstig as 'n lopende saak aan te gaan, in twyfel trek. Indien ek tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike onsekerheid bestaan, moet ek in my auditverslag aandag vestig op die verwante openbaarmakings in die finansiële state oor die wesenlike onsekerheid, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, my mening oor die finansiële state verander. My gevolgtrekkings is gebaseer op die beskikbare inligting op die datum van hierdie auditverslag. Toekomstige gebeure of toestande kan egter veroorsaak dat 'n openbare entiteit nie meer as 'n lopende saak bedryf word nie.
 - die algehele aanbieding, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitend die openbaarmakings geëvalueer en vasgestel of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op 'n wyse voorstel wat 'n billike aanbieding van die inligting impliseer.

Kommunikasie met diegene wat belas word met bestuur

3. Ek kommunikeer met die Rekenpligtige Gesag rakende onder andere die beplande omvang en tydsberekening van die audit en beduidende auditbevindinge, insluitend enige beduidende tekortkominge in die interne beheer wat ek tydens my audit opspoor.
4. Ek bevestig ook aan die Rekenpligtige Gesag dat ek aan die toepaslike etiese vereistes ten opsigte van onafhanklikheid voldoen het, en kommunikeer alle verhoudings en ander aangeleenthede wat redelikerwys beskou kan word as 'n invloed op my onafhanklikheid, en, waar van toepassing, stappe wat geneem is om bedreigings te elimineer of waarborg toegepas.

Algemene inligting

Land van inkorporasie en domisilie	Suid-Afrika
Aard van sake en hoofaktiwiteite	Wes-Kaapse Taalkomitee is 'n Skedule 3C Openbare Entiteit wat onder die Departement van Kultuursake en Sport ressorteer. Die entiteit verseker dat die drie amptelike tale van die provinsie gelyke status geniet.
Geregistreerde kantoor	Protea Assuransie-gebou Groentemarkplein Kaapstad 8000
Sakeadres	Protea Assuransie-gebou Groentemarkplein Kaapstad 8000
Posadres	Privaat Sak X9067 Kaapstad 8000
Bank	Nedbank
Ouditeure	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika

Indeks

Die verslae en state hieronder uiteengesit omvat die finansiële jaarstate wat aan die provinsiale wetgewer voorgelê is:

Staat van Finansiële Posisie	40
Staat van Finansiële Prestasie	41
Staat van Veranderinge in Netto Bates	42
Kontantvloeistaat	43
Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae	44
Rekeningkundige Beleid	45
Notas tot die Finansiële Jaarstate	54

Wes-Kaapse Taalkomitee
 Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 31 Maart 2022
Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Maart 2022

Syfers in Rand duisend	Nota(s)	2022	2021
Bates			
Lopende bates			
Kontant en kontantekwivalente	3	424	317
		424	317
Totale Bates		424	317
Laste			
Lopende Laste			
Betaalbare rekeninge van ruiltransaksies	4	9	-
Totale Laste		9	-
Netto Bates		415	317
Opgehoopte surplus		415	317
Totale Netto Bates		415	317

Staat van Finansiële Prestasie

Syfers in Rand duisend	Nota(s)	2022	2021
Inkomste			
Inkomste van ruiltransaksies			
Rente-inkomste	5	12	9
Inkomste van nieruiltransaksies			
Oordrag inkomste			
Ander inkomste van nieruiltransaksies	6	618	485
Oordragte en subsidies ontvang	7	279	240
Totale inkomste van nieruiltransaksies		897	725
Totale inkomste		734	734
Uitgawes			
Ouditgelde	8	(68)	(65)
Algemene Uitgawes	9	(713)	(557)
Ledegeld	10	(30)	(27)
Totale uitgawe		(811)	(649)
Surplus vir die jaar		98	85

Staat van Veranderinge in Netto Bates

Syfers in Rand duisend	Opgehoopte surplus/ tekort	Totale netto bates
Saldo op 1 April 2020	232	232
Verandering in netto bates		
Surplus	85	85
Totale verandering	85	85
Saldo op 1 April 2021	317	317
Verandering in netto bates		
Surplus vir die jaar	98	98
Totale verandering	98	98
Saldo op 31 Maart 2022	415	415

Kontantvloeistaat

Syfers in Rand duisend	Nota(s)	2022	2021
Kontantvloei van bedryfsaktiwiteite			
Ontvangste			
Kontant ontvang		279	240
Rente-inkomste		12	9
		<u>291</u>	<u>249</u>
Betalings			
Kontant betaal		(184)	(164)
Netto kontantvloei van bedryfsaktiwiteite	11	<u>107</u>	<u>85</u>
Netto styging in kontant en kontantekwivalente			
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar		317	232
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	3	<u>424</u>	<u>317</u>

Staat van Vergelyking van Begroting en Werklike Bedrae

Begroting op kontantbasis

	Goed-gekeurde begroting	Aan-suiwering	Finale begroting	Werklike bedrae op vergelykbare basis	Verskil tussen begroting en werklike bedrae	Verwysing
Syfers in Rand duisend						
Staat van Finansiële Prestasie						
Inkomste						
Inkomste van ruiltransaksies						
Rente-inkomste	15	-	15	12	(3)	14.1
Inkomste van nieruiltransaksies						
Oordragte en subsidies	279	-	279	279	-	
Totale inkomste	294	-	294	291	(3)	
Uitgawes						
Ledegeld	(71)	-	(71)	(30)	41	14.2
Ouditgelde	(96)	-	(96)	(59)	37	14.3
Algemene uitgawes	(127)	-	(127)	(95)	32	14.4
Totale uitgawes	(294)	-	(294)	(184)	110	
Surplus voor belasting	-	-	-	107	107	
Werklike bedrag op vergelykbare basis soos aangebied in die begroting en werklike vergelykbare staat	-	-	-	107	107	
Rekonsiliasie						
Basisverskil						
Ander inkomste van nieruiltransaksies				618		
Handels- en ander betaalbare rekeninge				(9)		
Algemene uitgawes				(618)		
Werklike bedrag in die staat van finansiële prestasie				98		

Rekeningkundige beleid

1. Aanbieding van finansiële jaarstate

Die finansiële jaarstate is voorberei in ooreenstemming met die Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP), uitgereik deur die Raad op Rekeningkundige Standaard ooreenkomstig artikel 91(1) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet No. 1 van 1999).

Die finansiële jaarstate is voorberei op die toevallingstelsel van rekeningkunde en is in ooreenstemming met geskiedkundige kostekonvensie as die basis vir meting, tensy anders gespesifiseer. Die jaarstate word in Suid-Afrikaanse Rand voorgelê.

Al die syfers is tot die naaste duisend afgerond.

'n Opsomming van die wesenlike rekeningkundige beleid, wat konsekvent toegepas is in die voorbereiding van die finansiële jaarstate, word vervolgens bekend gemaak.

Hierdie rekeningkundige beleid is in ooreenstemming met die vorige tydperk.

1.1 Aannee van lopende onderneming

Die finansiële jaarstate is voorberei op die verwagting dat die entiteit vir minstens die volgende 12 maande sal voortgaan om as 'n lopende onderneming te bestaan.

1.2 Wesenlike beoordelings en bronne van skattingonsekerheid

Die entiteit maak skattings en aannames omtrent die toekoms. Hieruit spruit dit dat die gevolglike rekeningkundige skattings selde gelyk gaan wees aan die verwante werklike resultate. Skattings en beoordelings word deurlopend geëvalueer en is gebaseer op geskiedkundige ervaring en ander faktore, insluitend verwagtinge van toekomstige gebeure wat beskou word as redelik onder die omstandighede. Die skattings en aannames wat wesenlike risiko inhou om wesenlike aanpassing van die deelnamewaardes van bates en laste binne die volgende boekjaar te veroorsaak, word vervolgens bespreek.

Inbare skulde

Die entiteit assesser sy inbare skulde vir waardedaling aan die einde van elke verslagdoeningstydperk. In die bepaling van of waardedalingsverlies in surplus of tekort aangeteken moet word, maak die entiteit beoordelings omtrent of daar waarneembare data bestaan wat meetbare vermindering in die geskatte toekomstige kontantvloei van 'n finansiële bate aandui.

Die waardedaling vir inbare skulde word bereken op portefeuljebasis, gebaseer op historiese verliesratio's, aangepas vir nasionale en industriespesifieke ekonomiese toestande en ander aanwysers teenwoordig teen die verslagdoeningsdatum wat ooreenstem met wanpresterings in die portefeulje. Die jaarlikse verliesratio's word toegepas op leningsaldo's in die portefeulje en na verhouding aangepas.

Voorsiening vir waardedaling

Daar word 'n beraming gedoen vir die waardedaling van inbare skulde wanneer die invordering van die volle bedrag nie meer waarskynlik is nie. Die voorsiening vir waardedalingskulde moet net op handelsinvorderings bereken word. Die totale voorsiening vir waardedaling van die entiteit moet bereken word per individuele debiteur of ten minste per risikokategorie.

1.3 Finansiële instrumente

Die finansiële instrumente van die entiteit word gekategoriseer as óf finansiële bates óf laste.

'n Finansiële instrument is enige kontrak wat aanleiding gee tot finansiële bate van een entiteit en finansiële las of oorblywende belang van 'n ander entiteit.

Rekeningkundige beleid

1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

Die delgingskoste van finansiële bate of finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las gemeet word teen oorspronklike erkenning minus hoofterugbetalings, plus of minus die opgelope delgingskoste met behulp van die effektiewe rentemetode van enige verskil tussen die oorspronklike bedrag en die aflosbare bedrag, en minus enige vermindering (direk of deur die gebruik van die voorsieningsrekening) vir waardevermindering of oninbaarheid.

Rentekoersrisiko is die risiko dat die billike waarde of toekomstige kontantvloei van 'n finansiële instrument sal fluktueer as gevolg van veranderinge in markrentekoerse.

Lenings betaalbaar is finansiële laste, buiten korttermynlaste teen normale kredietvoorwaardes.

Klassifisering

Die entiteit het die volgende soorte finansiële bates (klasse en kategorieë) soos dit op die staat van finansiële posisie of in die notas daarby aangetoon word:

Klas	Kategorie
Kontant en kontantekwivalente	Finansiële bate gemeet teen delgingskoste

Klas	Kategorie
Betaalbare rekeninge van ruiltransaksies	Finansiële las gemeet teen delgingskoste

Aanvanklike meting van finansiële bates en finansiële laste

Die entiteit meet finansiële bate en finansiële las, buiten dié wat daarna teen billike waarde gemeet word, aanvanklik teen sy billike waarde plus transaksiekoste wat direk aan die verkryging of uitreiking van die finansiële bate of finansiële las toegeskryf kan word.

Die entiteit meet alle ander finansiële bates en finansiële laste aanvanklik teen billike waarde.

Die entiteit assesser eers of die aard van 'n vergunningslening inderdaad 'n lening is. Met aanvanklike erkenning ontleed die entiteit 'n vergunningslening in sy komponente en gee rekenskap van elke komponent afsonderlik. Die entiteit gee rekenskap vir daardie deel van 'n vergunningslening wat:

- maatskaplike voordeel is ooreenkomstig die Raamwerk vir die Voorbereiding en Aanbieding van Finansiële State, waar dit die uitreiker van die lening is; of
- nieruilbare inkomste is, ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Inkomste van Nieruiltransaksies (Belastings en Oordragte), waar dit die ontvanger van die lening is.

Gevolglike meting van finansiële bates en finansiële laste

Die entiteit meet alle finansiële bates en finansiële laste na aanvanklike erkenning met behulp van die volgende kategorieë:

- Finansiële instrumente teen billike waarde
- Finansiële instrumente teen delgingskoste
- Finansiële instrumente teen koste

Alle finansiële bates gemeet teen delgingskoste of koste is onderhewig aan waardedalinghersiening.

Die delgingskoste van 'n finansiële bate of 'n finansiële las is die bedrag waarteen die finansiële bate of finansiële las gemeet word teen oorspronklike erkenning minus hoofsomterugbetalings, plus of minus die kumulatiewe delging met behulp van die effektiewe rentemetode van enige verskil tussen die oorspronklike bedrag en die termynbedrag, en minus enige vermindering (direk of deur die gebruik van voorsieningsrekening) vir waardedaling of oninbaarheid in die geval van 'n finansiële bate.

Rekeningkundige beleid

1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

Billike waardemetingsoorwegings

Die beste bewys van billike waarde is gekwoteerde pryse in 'n aktiewe mark. Indien die mark vir 'n finansiële instrument nie aktief is nie, bepaal die entiteit billike waarde met behulp van die waardasietegniek. Die doel van die gebruik van die waardasietegniek is om te bepaal wat die transaksieprys sou wees op die metingsdatum in verruiling sonder bevoorregting gemotiveer deur normale bedryfsoorwegings. Waardasietegnieke sluit die gebruik van onlangse marktransaksies sonder bevoorregting tussen kundige, gewillige partye, indien beskikbaar, verwysing na die heersende billike waarde van 'n ander instrument wat in wese dieselfde is en verdiskonteerde kontantvloei-ontleding en opsieprysbepalingsmodelle in. Indien daar 'n waardasietegniek is wat algemeen deur markdeelnemers gebruik word om die instrument se prys te bepaal en daar is gedemonstreer dat die tegniek betroubare skattings van pryse in werklike marktransaksies kan verskaf, gebruik die entiteit daardie tegniek. Die gekose waardasietegniek maak maksimale gebruik van markinsette en maak so min as moontlik staat op entiteitspesifieke insette. Dit sluit alle faktore in wat markdeelnemers sou oorweeg in die bepaling van prys en in ooreenstemming is met aanvaarde ekonomiese metodologieë vir die bepaling van pryse van finansiële instrumente. Periodiek kalibreer die entiteit die waardasietegniek en toets dit vir geldigheid met behulp van pryse van enige waarneembare heersende marktransaksies in dieselfde (d.w.s. sonder modifikasie of herverpakking) of gebaseer op enige waarneembare markdata.

Korttermyn ontvangbare rekeninge en betaalbare bedrae word nie gediskonteer waar die aanvanklike krediettydperk toegestaan of ontvang ooreenstem met voorwaardes wat in die openbare sektor gebruik word nie, hetsy deur gevestigde praktyke of wetgewing.

Winste en verliese

Wins of verlies wat ontstaan uit verandering in die billike waarde van 'n finansiële bate of 'n finansiële las gemeet teen billike waarde word erken in surplus of tekort.

Vir finansiële bates en finansiële laste gemeet teen delgingskoste of koste, word wins of verlies erken in surplus of tekort wanneer die finansiële bate of finansiële las ontterken of die waarde daarvan verminder word, of deur die delgingsproses.

Waardedaling en oninbaarheid van finansiële bates

Die entiteit assesser teen die einde van elke verslagdoeningstydperk of daar enige objektiewe bewyse is dat finansiële bate of groep finansiële bates se waarde gedaal het.

Vir bedrae verskuldig aan die entiteit, word wesenlike finansiële probleme van die betaalbare rekeninge, waarskynlikheid dat die betaalbare rekening in bankrotskap kan gaan en nalating van betaling almal beskou as aanduidings van waardedaling.

Finansiële bates gemeet teen delgingskoste:

Indien daar objektiewe bewyse is dat waardedalingverlies op finansiële bates gemeet teen delgingskoste voorgekom het, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die bate se deelnamebedrag en die huidige waarde van geskatte toekomstige kontantvloei (uitsluitende toekomstige kredietverliese wat nie voorgekom het nie) gediskonteer teen die finansiële bate se oorspronklike effektiewe rentekoers. Die deelnamebedrag van die bate word verminder deur die gebruik van 'n voorsorgrekening. Die bedrag van die verlies word erken in surplus of tekort.

Indien die bedrag van die waardedalingverlies in die volgende tydperk verminder en die vermindering objektief toegeskryf kan word aan 'n gebeurtenis wat plaasgevind het nadat die waardedaling erken is, word die waardedalingverlies omgekeer deur die voorsorgrekening aan te pas. Die omkering lei nie tot deelnamebedrag van die finansiële bate wat meer is as wat die delgingskoste sou wees as die waardedaling nie erken sou wees op die datum waarop die waardedaling omgekeer is nie. Die bedrag van die omkering word erken in surplus of tekort.

Rekeningkundige beleid

1.3 Finansiële instrumente (vervolg)

Waar finansiële bates se waarde verminder word deur die gebruik van 'n voorsorgrekening, word die bedrag van die verlies erken in surplus of tekort binne bedryfsuitgawes. Wanneer sulke finansiële bates afgeskryf word, word dit gedoen teen die betrokke voorsieningsrekening. Daaropvolgende herwinning van bedrae wat voorheen afgeskryf is, word gekrediteer teen bedryfsuitgawes.

Finansiële bates gemeet teen koste:

Indien daar objektiewe bewyse is dat waardedaling voorgekom het by belegging in residubelang wat nie teen billike waarde gemeet is nie omdat die billike waarde daarvan nie betroubaar gemeet kan word nie, word die bedrag van die waardedaling gemeet as die verskil tussen die deelnamebedrag van die finansiële bate en die huidige waarde van geskatte toekomstige kontantvloeï gediskonteer teen die huidige markkoers van opbrengs vir soortgelyke finansiële bate. Sodanige waardedalingsverliese word nie omgekeer nie.

Onterkenning

Finansiële bates

Die entiteit onderken finansiële bates met behulp van transaksiedatumrekeningkunde.

Die entiteit onderken finansiële bates net wanneer:

- die kontraktuele regte tot die kontantvloeï van die finansiële bate verstryk, afgehandel is, of laat vaar is;
- die entiteit in wese al die risiko's en belonings van eienaarskap van die finansiële bate aan ander party oordra; of
- die entiteit, ten spyte daarvan dat wesenlike risiko's en belonings van eienaarskap van die finansiële bate behou is, beheer oor die bate aan ander party oorgedra het en die ander party die praktiese vermoë het om die bate in geheel aan nieverwante derde party te verkoop, en in staat is om die vermoë eensydig en sonder om bykomende beperkings op die oordrag te plaas, uit te voer. In hierdie geval:
 - o onderken die entiteit die bate; en
 - o erken enige regte en verpligtinge geskep of behou in die oordrag afsonderlik.

Die deelnamebedrag van die oorgedraagde bate word geplaas tussen die regte of verpligtinge wat behou word en dié wat oorgedra word op grond van hul billike waarde op die oordragdatum. Nuwe regte en verpligtinge word gemeet teen hul billike waarde op daardie datum. Enige verskil tussen die koopsom ontvang en die bedrae wat erken en onderken is, word erken in surplus of tekort in die tydperk van die oordrag.

By onderkenning van 'n finansiële bate in geheel word die verskil tussen die deelnamebedrag en die koopsom wat ontvang is, in surplus of tekort erken.

Finansiële laste

Die entiteit verwyder finansiële las (of deel van finansiële las) van sy staat van finansiële posisie wanneer dit vernietig is – d.w.s. wanneer die verpligting in die kontrak gespesifiseer afgelos, gekanselleer, verstryk of kwytgeskeld is.

Uitruiling tussen bestaande lener en uitlener van skuldinstrumente met wesenlike verskillende voorwaardes word verreken as sou die oorspronklike finansiële las tenietgedoen wees en nuwe finansiële las erken word. Op soortgelyke wyse word wesenlike wysiging van die voorwaardes van bestaande finansiële las of deel daarvan verreken as sou die oorspronklike finansiële las tenietgedoen wees en nuwe finansiële las erken word.

Die verskil tussen die deelnamebedrag van finansiële las (of deel van finansiële las) wat tenietgedoen of aan ander party oorgedra is en die vergoederingsgeld wat betaal is, insluitende enige niekontant bates wat oorgedra is of laste wat aanvaar is, word erken in surplus of tekort. Enige laste wat deur 'n ander entiteit onthef, gekanselleer of aangeneem word deur middel van 'n nieruiltransaksie word verreken in ooreenstemming met die Standaard van AERP ten opsigte van Inkomste van Nieruiltransaksies (Belastings en Oordragte).

Rekeningkundige beleid

1.4 Statutêre ontvangbares

Statutêre ontvangbares is ontvangbares wat voortspruit uit wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele en vereffening deur 'n ander entiteit in kontant of 'n ander finansiële bate vereis.

Deelnamebedrag is die bedrag waarteen 'n bate in die staat van finansiële posisie erken word.

Die kostemetode is die metode wat gebruik word om statutêre ontvangbares te verantwoord wat vereis dat sulke ontvangbares gemeet word aan hul transaksiebedrag, plus enige opgehoopte rente of ander heffings (waar van toepassing) en minus enige opgehoopte waardedalingverliese en enige bedrae wat onterken is.

Nominale rentekoers is die rentekoers en/of basis wat gespesifiseer is in wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele.

Die transaksiebedrag (vir doeleindes van hierdie Standaard) vir 'n statutêre debiteur beteken die bedrag wat in ooreenstemming met wetgewing, ondersteunende regulasies of soortgelyke middele gespesifiseer, bereken of gehef is.

1.5 Inkomste van ruiltransaksies

Erkenning

Inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en wanneer die bedrag van inkomste betroubaar gemeet kan word, en daar aan spesifieke kriteria voldoen is vir die entiteit se aktiwiteite. Inkomste van die lewering van dienste word erken in surplus of tekort in verhouding tot die fase van voltooiing van die transaksie teen die verslagdoeningsdatum.

Inkomste is die bruto invloei van ekonomiese voordele of dienspotensiaal gedurende die verslagdoeningstydperk wanneer die invloei 'n toename in netto bates tot gevolg het, behalwe verhogings wat verband hou met bydraes van eenaars.

'n Ruiltransaksie is een waarin die entiteit bates of dienste ontvang of verantwoordelikhede tenietgedoen word en ongeveer gelyke waarde (hoofsaaklik in die vorm van goedere, dienste of gebruik van bates) direk aan die ander party in ruil gee.

Billike waarde is die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengte-transaksie.

Meting

Inkomste word gemeet aan die billike waarde van die vergoeding ontvang of ontvangbaar. Die bedrag word nie geag betroubaar meetbaar te wees nie tot al die gebeurlikhede wat met die transaksie in verband staan, opgelos is.

Rente, tantieme en dividende

Rente word bereken, in surplus of tekort, deur die effektiewe rentekoersmetode te gebruik.

1.6 Revenue from non-exchange transactions

Erkenning

'n Invloei van bronne vanaf 'n nieruiltransaksie wat as 'n bate erken is, sal erken word as inkomste, behalwe tot die mate dat 'n las ook ten opsigte van dieselfde invloei erken word.

Indien die entiteit voldoen aan 'n teenwoordige verpligting wat erken is as 'n las ten opsigte van 'n invloei van hulpbronne van 'n nieruiltransaksie erken as 'n bate, verlaag dit die deelnamebedrag van die las wat erken is en erken dit 'n bedrag van inkomste gelyk aan daardie verlaging.

Rekeningkundige beleid

1.6 Inkomste van nieruiltransaksies (vervolg)

Meting

Inkomste van 'n nieruiltransaksie word gemeet teen die bedrag van die toename in netto bates deur die entiteit erken.

Indien die entiteit 'n bate erken as gevolg van 'n nieruiltransaksie, erken dit ook die inkomste gelykstaande aan die bedrag van die bate gemeet teen die billike waarde op die datum van verkryging, tensy dit ook vereis is om 'n las te erken. Waar 'n verpligting erken moet word, word dit gemeet as 'n raming van die bedrag wat benodig word om die verpligting op die verslagdoeningsdatum te vereffen, en die bedrag van die verhoging in netto bates, indien enige, erken as inkomste. Wanneer 'n aanspreeklikheid daarna verminder word, omdat die belasbare gebeurtenis plaasvind of daar aan 'n voorwaarde voldoen word, word die vermindering van die verpligting as inkomste erken.

Voorwaardelike toelaes en ontvangste

Inkomste ontvang van voorwaardelike toelaes, donasies en befondsing word erken as inkomste in die mate waartoe die entiteit aan enige van die kriteria, voorwaardes of verpligtinge voldoen het soos vervat in die ooreenkoms. In die mate waartoe daar nie aan die kriteria, voorwaardes of verpligtinge voldoen is nie, word las erken.

Rente verdien uit beleggings word behandel in ooreenstemming met toelaevoorraes. Indien dit aan die skenker betaalbaar is, word dit opgeteken as deel van die verantwoordelikheid en indien nie, word dit erken as rente verdien in die staat van finansiële prestasie.

Toelaes wat die entiteit vergoed vir uitgawes aangegaan word erken in surplus of tekort op stelselmatige basis in dieselfde tydperke waarin die uitgawes erken word.

Dienste in natura

Die entiteit erken dienste in natura wat betekenisvol is vir sy bedrywighede en/of dienslewingsdoelwitte. Die verwante inkomste word erken wanneer dit waarskynlik is dat die toekomstige ekonomiese voordele of dienspotensiaal na die entiteit sal vloei en betroubaar gemeet kan word. 'n Uitgawe in gelyke waarde word onmiddellik erken vir die verbruik van die diens.

Waar dienste in natura nie betekenisvol is vir die entiteit se bedrywighede en/of dienslewingsdoelwitte nie en/of nie aan die kriteria vir erkenning voldoen nie, openbaar die entiteit die aard en tipe dienste in natura wat gedurende die verslagdoeningstydperk ontvang is.

Dienste in natura is dienste wat sonder koste deur individue aan entiteite verskaf word, maar kan aan bepalings onderhewig wees. Openbare entiteite se finansiële bestuurspersoneel verskaf waardevolle ondersteuning aan die entiteit in die bereiking van sy doelwitte. Die dienste wat verskaf word kan betroubaar gemeet word en word daarom in die staat van finansiële prestasie erken en in die notas by die finansiële state bekend gemaak.

1.7 Oorsetting van vreemde geldeenhede

Oorsetting van vreemde geldeenhede

Transaksies in vreemde geldeenhede word opgeteken met aanvanklike erkenning in Rand deur die wisselkoers tussen die funksionele geldeenhede en die vreemde geldeenhede op die datum van die transaksie toe te pas.

Transaksies in vreemde geldeenhede bepaal, word oorgesit teen die wisselkoers geldig op die transaksiedatum. Monetêre items in vreemde geldeenhede bepaal, word oorgesit teen die wisselkoers geldig op die verslagdoeningsdatum. Winste of verliese wat uit omsetting spruit, word erken in surplus of tekort.

Rekeningkundige beleid

1.8 Vergelykende syfers

Waar nodig, is vergelykende syfers hergeklassifiseer om aan te pas by veranderinge in aanbidding in die huidige jaar.

1.9 Uitgawes

Finansiële transaksies in bates en laste

Skulde word afgeskryf wanneer dit as oninbaar geïdentifiseer is. Skulde wat afgeskryf word, word beperk tot die bedrag van besparings en/of onderbesteding van toegewyste gelde. Afskrywing geskied teen jaareinde of wanneer gelde beskikbaar is. Geen voorsiening word gemaak vir oninbare bedrae nie, maar bedrae word bekend gemaak as 'n openbaarmakingsnota. Alle ander verliese word erken indien magtiging vir die erkenning daarvan verleen is.

Vrugtelose en verkwistende uitgawes

Vrugtelose en verkwistende uitgawes word erken as bate in die staat van finansiële posisie totdat die uitgawe van die verantwoordelike persoon herwin is of dit as oninbaar afgeskryf is in die staat van finansiële prestasie.

Onreëlmatige uitgawes

Onreëlmatige uitgawes word erken as uitgawes in die staat van finansiële prestasie. Indien die uitgawe nie deur die betrokke gesag gekondoneer word nie, word dit as bate behandel totdat dit herwin of as oninbaar afgeskryf word.

Oordragte en subsidies

Oordragte en subsidies word erken as uitgawe wanneer die finale magtiging vir betaling op die stelsel uitgevoer word (teen nie later as 31 Maart van elke jaar nie).

1.10 Opgehoopte surplus

Die opgehoopte surplus verteenwoordig die netto verskil tussen die totale bates en die totale laste van die entiteit. Enige surplusse en tekorte wat gedurende 'n spesifieke boekjaar gerealiseer is, word gekrediteer/gedebiteer teen opgehoopte surplus/tekort. Die vorige jaar se aanpassings in verband met inkomste en uitgawes, word gedebiteer/gekrediteer teen opgehoopte surplus wanneer retrospektiewe aanpassings gemaak word.

1.11 Begrotingsinligting

Die goedgekeurde begroting word op kontantbasis voorberei volgens ekonomiese klassifikasie gekoppel aan prestasie-uitkomsdoelwitte.

Die goedgekeurde begroting dek die fiskale tydperk van 2021/04/01 tot 2022/03/31.

Die finansiële jaarstate en die begroting is nie op dieselfde basis van rekeningkunde nie, daarom is vergelyking met die begrote bedrae vir die verslagdoeningstydperk ingesluit by die staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae.

Wesenlike afwykings van meer as 10% word verduidelik in die notas tot die staat van vergelyking van begroting en werklike bedrae.

AERP 24 vereis dat die begrotingstaat openbaar gemaak word op 'n vergelykbare basis met die goedgekeurde begroting, insluitend die begrotingsklassifikasie soos gepubliseer. Die bestuur het 'n formaat goedgekeur en gebruik wat ooreenstem met die Finansiële Jaarstate en dit moontlik maak vir maklike verwysing na en begrip van die begroting in vergelyking met die staat van finansiële prestasie. Die begrotingstaatklassifikasie is dus meer verduidelikend en makliker vir die gebruikers om te verstaan.

Rekeningkundige beleid

1.12 Verwante partye

'n Verwante party is 'n persoon of entiteit met die vermoë om die ander party te beheer of gesamentlik te beheer, of om wesentliche invloed oor die ander party uit te oefen, of omgekeerd, of 'n entiteit wat onderhewig is aan algemene beheer of gesamentlike beheer.

Beheer is die mag om die finansiële en bedryfsbeleide van die entiteit te beheer ten einde voordele van sy aktiwiteite te bekom.

Gesamentlike beheer is die ooreengekome deel van beheer oor aktiwiteit deur bindende ooreenkoms, en bestaan net wanneer die strategiese finansiële en bedryfsbesluite in verband met die aktiwiteit die eenparige goedkeuring benodig van die partye wat die beheer deel (die ondernemendes).

'n Verwantepartytransaksie behels die oordrag van hulpbronne, dienste of verpligtinge tussen die verslaggewende entiteit en verwante party, ongeag of 'n prys gevra word.

Wesentliche invloed is die mag om deel te neem aan die finansiële en bedryfsbeleidsbesluite van entiteit, maar is nie beheer oor die beleide nie.

Bestuur is die persone verantwoordelik vir die beplanning, leiding en beheer van die aktiwiteite van die entiteit, insluitende diegene belas met die beheer van die entiteit ooreenkomstig wetgewing, in gevalle waar hulle sulke funksies moet vervul.

Naverwante lede van die familie van persoon word beskou as die familielede wat verwag kan word om die bestuur in hul transaksies met die entiteit te beïnvloed of daardeur beïnvloed te word.

Die entiteit is vrygestel van bekendmakingsvereistes ten opsigte van verwantepartytransaksies indien die transaksie plaasvind binne normale verskaffer- en/of kliënt-/ontvangerverhoudings met bepalinge en voorwaardes nie meer of minder gunstig as wat redelik verwag kan word die entiteit sou moes aanvaar indien dit met die individuele entiteit of persoon onder dieselfde omstandighede sou onderhandel en bepalinge en voorwaardes binne die normale parameters is wat deur die verslaggewende entiteit se wetlike mandaat gevestig is.

Waar die entiteit vrygestel is van die bekendmaking in ooreenstemming met die voorafgaande, maak die entiteit verduidelikende inligting bekend omtrent die aard van die transaksies en die verwante uitstaande saldo's, om gebruikers van die entiteit se finansiële state in staat te stel om verwantepartytransaksies op sy finansiële jaarstate te verstaan.

1.13 Gebeure na die verslagdoeningsdatum

Gebeure na die verslagdoeningsdatum is die gebeure, beide gunstig en ongunstig, wat plaasvind tussen die verslagdoeningsdatum en die datum wanneer die finansiële state gemagtig word vir uitreiking. Twee soorte gebeure kan geïdentifiseer word:

- dié wat bewyse lewer van toestande wat teen die verslagdoeningsdatum bestaan het (en gebeure na die verslagdoeningsdatum aanpas); en
- dié wat bewyse lewer van toestande wat teen die verslagdoeningsdatum bestaan het (en gebeure na die verslagdoeningsdatum aanpas).

Die entiteit sal die aangepaste bedrag wat in die finansiële state erken word reflekteer na die verslagdoeningsdatum wanneer die gebeure plaasgevind het.

Die entiteit sal die aard van die gebeure en skatting van sy finansiële uitwerking, of verklaring dat sodanige skatting nie ten opsigte van al die wesentliche nie-aanpassingsgebeure gemaak kan word nie, bekend maak, waar niebekendmaking die ekonomiese besluite van gebruikers gebaseer op die finansiële state kan beïnvloed.

Rekeningkundige beleid

1.14 Belasting op toegevoegde waarde (BTW)

Die entiteit is vrygestel van BTW-registrasie. Indien enige befondsing wat vereis dat die entiteit as BTW ondernemer moet registreer egter ontvang word, sal sodanige aansoek gedoen word.

Notas by die Finansiële Jaarstate

2. Nuwe standaarde en interpretasies

2.1 Standaarde en interpretasies aanvaar wat effektief vir die huidige boekjaar is

In die huidige jaar het die entiteit die volgende standaarde en interpretasies aanvaar wat effektief vir die huidige boekjaar is en wat van belang is vir sy werksaamhede:

Standaard/Interpretasie:	Effektiewe datum: Jare begin op of na	Verwagte uitwerking:
AERP 1: Aanbieding van Finansiële State	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 2: Kontantvloeistaat	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 3: Rekenkundige beleide, veranderinge in rekenkundige skattings en foute	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 9: Inkomste van ruiltransaksies	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 14: Gebeure na die verslagdoeningstydperk	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 17: Eiendom, aanleg en toerusting	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 19: Bepalings, toevallige laste en toevallige bates	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 23: Inkomste van nieruiltransaksies	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 24: Aanbieding van begrotingsinligting in finansiële state	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 104: Finansiële instrumente	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 108: Statutêre ontvangbares	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie
AERP 20: Verwante partye	April 1, 2020	Die uitwerking hiervan is nie wesenlik nie

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend 2022 2021

3. Kontant en kontantekwivalente

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit:

Banksaldo's 424 317

Kredietwaarde van kontant by bank en korttermyn deposito's, met uitsluiting van kontant voorhande

Kontant en kontantekwivalente bestaan uit kontant en korttermyn-, hoogs likiede beleggings wat gehou word by geregistreerde bankinstellings met looptye van drie maande of minder en wat onderhewig is aan geringe rentekoersrisiko, met die deelnamebedrag van die bates benader tot hul billike waarde.

4. Betaalbare rekeninge van ruiltransaksies

Handelskrediteure 9 -

Betalbare rekeninge word geklassifiseer teen delgingskoste. Die deelnamebedrag van betaalbare rekeninge is 'n beraming van hul billike waarde.

5. Rente-inkomste

Rente ontvang 12 9

6. Ander inkomste van nieruiltransaksies

Donasie: Dienste in natura 618 485

Die toename word toegeskryf aan een amptenaar wat gedurende die 2021/2022-boekjaar aangestel is. Sien nota 9 vir meer inligting oor Donasie: Dienste in natura

7. Oordragte en subsidies ontvang

Oordrag ontvang 279 240

8. Ouditgelde

Eksterne audit 68 65

9. Algemene uitgawes

Bankkoste 2 1

Spyseniering 5 -

Konsultasie en uitgekontraakteerde dienste 9 7

Werknemer koste: Dienste in natura 618 485

Drukwerk en publikasies 41 42

Sagteware uitgawes 24 22

Reis en verblyf 14 -

713 557

Spyseniering:

Koste aangegaan vir spyseniering verskaf by induksievergadering wat vir nuwe komiteedelede gehou is. In die vorige boekjaar het al die vergaderings aanlyn plaasgevind en dus is geen koste vir spyseniering aangegaan nie.

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend 2022 2021

9. Algemene uitgawes (vervolg)

Werknemer koste: Dienste in natura:

Amptenare van die Departement van Kultuursake en Sport vervul die uitvoerende en administratiewe funksies verwant aan die Wes-Kaapse Taalkomitee. Departementele personeel wat die openbare entiteit ondersteun, sluit die Hoof Finansiële Beampte (HFB), Direkteur: Kuns, Kultuur en Taaldienste, lynfunksie in die genoemde direktoraat asook die toegewese finansiële bestuurspan wat die HFB ondersteun in. Terwyl lynfunksiepersoneel en senior bestuurders 'n dubbele rol vervul, is die finansiële bestuurspan aan die openbare entiteit toegewys. As gevolg van die dubbele rol vervul deur byna al die genoemde personeel, is dit moeilik om die tyd wat aan die openbare entiteit bestee word toe te deel. Gevolglik kan die dienste in natura in verband met hul salarisse nie betroubaar gemeet word nie. Daarom hou die erkenning net verband met die toegewese finansiële span wat die HFB in die uitvoer van haar rol as HFB van die openbare entiteit en die Departement ondersteun. Die bedrag wat bekend gemaak word, verteenwoordig daarom net die dienste in natura wat deur die finansiële span verskaf word.

Reis en verblyf:

Reiskostes aangegaan vir lede van die nuwe komitee se bywoning van die induksievergadering. In die vorige boekjaar het al die vergaderings aanlyn plaasgevind en dus is geen reiskoste aangegaan nie.

10. Ledegeld

Baartman, R	3	2
Willemse, E	1	-
Grootboom, G	1	-
Humphries-Heyns, A	2	3
Jama, Z	1	-
Lentz, G	3	4
Lesch, L	3	4
Malan, M	3	-
Mkhize, K	4	5
Nokwaza, L	2	3
Nyembezi, N	3	3
Vermeulen, S	4	3
	<u>30</u>	<u>27</u>

11. Kontant gebruik in werksaamhede

Surplus	<u>98</u>	<u>85</u>
Veranderinge in bedryfskapitaal:		
Betaalbare rekeninge van ruiltransaksies	9	-
	<u>107</u>	<u>85</u>

Notas by die Finansiële Jaarstate

Syfers in Rand duisend 2022 2021

12. Verwante partye

Verhoudings

Primêre befondser	Departement van Kultuursake en Sport
Strategiese vennoot	Wes-Kaapse Kultuurkommissie
Strategiese vennoot	Erfenis Wes-Kaap

Die Departement van Kultuursake en Sport verskaf kantoorruimte aan die Wes-Kaapse Taalkomitee om hul administratiewe en finansiële werksaamhede te verrig.

Die Minister van die Departement van Kultuursake en Sport as die Uitvoerende Gesag is 'n verwante persoon van die Wes-Kaapse Taalkomitee.

Die lede van die Wes-Kaapse Taalkomitee en die entiteit soos in nota 10 geopenbaar is verwante partye ingevolge AERP 20.

Verwante party transaksies

Inkomste ontvang van verwante partye

Departement van Kultuursake en Sport	279	240
--------------------------------------	-----	-----

13. Risikobestuur

Die aktiwiteite van die entiteit stel dit bloot aan 'n verskeidenheid finansiële risiko's: markrisiko (billike waarde rentekoersrisiko, kontantvloei -rentekoersrisiko), kredietrisiko en likiditeitsrisiko.

Likiditeitsrisiko

Likiditeitsrisiko is die risiko dat die entiteit nie in staat sal wees om sy finansiële verantwoordelikhede na te kom wanneer hulle betaalbaar word nie. Ooreenkomstig sy leningsvereistes verseker die entiteit dat voldoende fondse beskikbaar is om verwagte en onverwagte finansiële verantwoordelikhede na te kom. Alle uitstaande rekeninge se betaalbare balanse is betaalbaar binne 30 dae van die verslagdoeningsdatum.

Sensitiwiteitsontleding

Indien die rentekoerse op finansiële instrumente met wisselende koers teen 31 Maart 2022 1% hoër/laer was met al die ander veranderlikes konstant, sou die surplus vir die jaar R4 240 hoër/laer gewees het.

Kredietrisiko

